

REDAKSIONEEL

Pinkster in September?

Hierdie maand word daar 'n groot konferensie uit die charismatiese groepe in die land aangebied. Dit is belangrik dat die gereformeerdes ook daarvan kennis neem en 'n getuienis daarvoor laat hoor.

Wat oor en uit die Skrif gesê word kom voort uit wat die mens van Jesus Christus glo. Die eenheid van die Skrif bestaan omdat God die Vader en die Seun en die Heilige Gees Een is. Die gesag van die Skrif is die gesag van Christus self. Om die verhouding tussen Skrif en geskiedenis en geloof en gebeure te verstaan is dit belangrik om Christus se geskiedenis makende werk raak te sien. Die geskiedenis se betekenis kom voort uit wat Christus daarin en daardeur doen. Die geskiedenis verleen nie betekenis of interpretasie aan God nie. Die verhouding tussen geloof en gebeure word duidelik as 'n mens die verband van Christus en die Heilige Gees raaksien.

Om getrou oor en teenoor die charismatiese groepe te getuig is dit belangrik om die liefde in waarheid vas te hou. Dit is ongetwyfeld so dat daar in dié groeperinge 'n groter waardering vir die Skrifgesag is as wat 'n mens byvoorbeeld by die Spangenberggroep sal vind. Ten spyte daarvan moet daar gekyk word of die stellings en (geloofs)aansprake wat oor die Heilige Gees gemaak word, werklik Skrifuurlik is.

Teen een groot dwaling moet gewaak word. Baie charismatiese groepe beweer dat ons nou in die bedeling van

die Gees leef. Die Vader was eers met die Skepping besig, die Seun *daarna* met die verlossing en die Gees *nou* met sy kragtige daade. Ons belydenis ken ook so 'n driedeling, maar nie kronologies asof die Heilige Gees nou ten koste van die Seun en die Vader optree nie. Die Heilige Gees is altyd die Gees van Christus. Agter die stelling van die charismatiese groepe sit 'n bepaalde geskiedenisbeskouing van bedelinge wat mekaar opvolg waarin telkens een persoon van die Drie-eenheid op die voorgrond tree. Dit is 'n onbybelse geskiedenisbeskouing.

Die uitstorting van die Gees wat in Handeling 2 beskryf word kondig nie die bedeling van die Gees aan nie, maar die breër handeling van Jesus Christus deur die Gees tot eer van die Vader. As hierdie waarheid nie vasgehou word nie, word die belydenis van die Drie-eenheid verbreek. Dan is die deur oop vir die heidense mistiek en paganistiese waarsêery wat as spreke van God voorgedoen word. Die Woord en die Heilige Gees mag nooit, nóg in teorie, nóg in praktyk, van mekaar losgemaak word nie. Om te sê: 'ek het die Woord vir jou' sonder om die eenheid van die Woord te erken, of om te sê: 'die Gees het my gesê' sonder om die Woordgetuienis aan te hoor, is niks minder as aanranding van die gesag van Christus nie.

Om egter die Woord aan te hoor sonder om Geesvervuld te raak, is eweneens 'n belediging vir die

koningsgesag van Christus. Kortliks dus: ons kritiek teen die charismatiese groepe gaan oor Skrifgesag. Om die Gees en die Woord te verdeel is om God te probeer verdeel. Om egter (sosio-histories) die gesag van die Woord (die geldige interpretasie?) daaraan te koppel dat die geskiedenis die finale uitslag gee, is om uiteindelik die Godheid van Christus te ontken. Teen altwee slaggate moet ons waak.

Hoekom hou die charismate nie sinodes nie? Waarom konferensies? Konferensies is 'same-sprekinge'. Saam-praat, maar nie saam-besluit nie (sinode beteken om saam ook dieselfde weg op te gaan). Die eerste sinode in die Nuwe Testament het gesê: 'Want die Heilige Gees en ons het besluit ...' (Handeling 15: 28). Dit is tog meer as 'n konferensie?

Agter die konferensies sit 'n bepaalde 'kerk'-beskouing. Die eenheid van die Skrif roep om die eenheid van die kerk. Dieselfde Gees, dieselfde liggaam. Die charismatiese groepe het nie die reg om die eenheid van die kerk te laat vervaag in 'n mistieke liggaam van Christus nie. Daar sit 'n eiewillige godsdiens agter. Die eenheid van die kerk, as gevolg van die eenheid van God, en die inwoning van die Gees moet ook 'n sigbare eenheid wees. Dit is maklik om 'n *unity roadshow* vir 'n naweek of 'n week te hê as jy in die mistieke liggaam van Christus glo en omdat dit tans die bedeling van die Gees is.

INHOUD

1 Redaksioneel
Pinkster in September?
2 Skrifoorndenking
Eet God se genadebrood met vergenoegdheid
Ds RA Bain

3 Op die Kerkerf
'Neergedaal het na die hel'
Ds HLJ Momberg
8 Medies
'n Kwade dag in die parlement - toeganklikheid van die aborsiewet
Prof JM Boon

9 Persskou
• Rome tik NG Kerk oor vingers
• Protestante tik terug
• Charismatiese eenheid
Ds GJ Meijer

Dit kos egter ware geloofsgehoorsamheid om te glo dat die kerk die liggaam van Christus is. Die kerk moet saam praat uit dieselfde Woord, maar ook saam besluit deur dieselfde Gees. Die GKSA het te veel sinode-'besluite' waar sake aan die oordeel van die plaaslike kerk oorgelaat word. As ons dit begin doen, word ons sinodes

ook konferensies, ons 'besluite' dan 'resolusies' (voornemens) en ons eenheid mistiek. Hoe Geesvervuld is die Gereformeerde Kerke nog? Die antwoord op hierdie vraag hang af van wat ons met die gesag van die Woord doen. Die gesag van die Woord is die gesag van Christus. Wie met die Gees van Christus vervul is, versnipper

nie die Woord nie. 'n Kerk wat nie konferensies wil hou nie maar sinodes, weet wat die verskil is tussen 'om God uit die geskiedenis te probeer verduidelik' en 'om Christus in die geskiedenis te verkondig'. So 'n kerk sal altyd die eenheid van die liggaam van Christus soek.

SKRIFOORDENKING

Ds RA Bain, Potgietersrus-Wes

Eet God se genadebrood met vergenoegdheid

LEES: NUMERI 11: 4 - 35

Die volk Israel is deur die magtige dade van die HERE uit Egipte verlos. Hulle het tot by Sinaï getrek en daar het die HERE sy verbond opnuut bevestig en die verbondseise gegee. Die tabernakel is gemaak, die offerdiens en priesterdiens is ingestel. Daarvandaan het hulle die tog deur die woestyn na die beloofde land voortgesit - streng onder die aanvoering van die Engel van die HERE.

Elke keer as die wolk van die tabernakel af opgetrek het, het hulle laer afgeslaan en agter die wolk aangetrek. As die wolk stilgestaan het, het hulle weer laer opgeslaan. Die eerste murmurering op hierdie tog na die beloofde land ontstaan by Tabera waar die HERE die buitenste tente van die laer met vuur getref het omdat die volk gekla het (Numeri 11: 1 - 3). Nie lank hierna nie lees ons van die tweede opstand by Kibrot-Hattaäwa.

Die volk se honger

Die opstand begin by die mense wat nie deur afstamming Israëliete was nie. Hulle was van gemengde afkoms en het saam met die volk getrek. Deur hulle gekla sweep hulle die hele volk op om voor die HERE te begin kla. Hulle gekla is nie daarvoor dat hulle niks het om te eet soos toe hulle die manna ontvang het nie. Hulle kla oor die manna self.

Hulle kla: 'Maar nou is ons siel dor; daar's glad niks nie: net die manna is voor ons oë' (vers 6). 'Net die manna is voor ons oë' is die ondankbaarste woorde wat die volk kon sê. Die HERE gee aan die volk manna om te eet toe

hulle wou sterf van die honger. Die manna was 'n teken van die Engel van die HERE wat vir sy volk sorg. Manna was 'n genadebewys - 'n bewys van God se goedertierenheid (troue verbondsliefde).

Die HERE het die manna egter ook as 'n beproewing gestuur. Daarom sê Hy vir Moses in Eksodus 16: 4 dat Hy die volk met die manna gaan beproef. Om die manna dag in en uit te moes eet kon seker nie meer lekker gewees het nie. Die punt is dit: God gee dit en Hy gee dit in sy goedertierenheid. Daarom is sy manna genoeg. Daarom moes die volk die beproewing gehoorsaam gedra het en tevrede wees met sy genadebrood.

Hoe vreeslik egter! Hulle wil die volheid van die wêreld hê, maar sonder God. Nog erger. Ons het genoeg van sy genadebrood en goedheidsteken gehad. Gee ons nou iets anders. Die HERE se genadebrood verdor ons siele. Ons is moeg daarvoor. Ons honger nie meer na die HERE se genadebrood nie.

Die middelaar versaak sy amp

Daarom is dit nie vreemd dat die HERE se toorn grootliks ontvlam nie. Ons kan ook vertaal: Sy toorn het geweldig ontvlam. Die HERE het dus verskriklik woedend kwaad geword. Dit is nog meer verbasend dat die HERE die volk nie uitroei as ons sien wat Moses doen nie. In hierdie krisistye het Moses nog altyd vir die volk ingetree. Hy het gebied en gepleit sodat die HERE die volk moet vergewe. Hy het gesmeek dat die HERE die volk tog nie moet uitroei nie. Maar nie dié keer nie.

Moses kan hierdie onreg en ondankbaarheid van die volk nie uitstaan nie. As hy die volk by hulle tente hoor kerm en kla, vra hy vir die HERE in vers 11: 'Waarom het U u kneg kwaad aangedoen, en waarom het ek geen genade in u oë gevind nie, dat U die las van hierdie hele volk op my lê?' Selfs Moses bevraagteken nou God se genade.

Moses is so moedeloos met die opstandige volk dat hy wil doodgaan (vers 15). Hy is so moedeloos dat hy nie mooi dink wat hy sê nie: Het ek hierdie volk gebaar (vers 12)? Die onreg van die volk is net een te veel vir hom. Hy kan dit nie dra nie. Die volk se ondankbaarheid en sonde knak Moses. Die middelaar doen nie sy werk nie. Hy versaak sy amp.

Hulle gulsigheid beantwoord

Die HERE verdag Moses en die volk nie. Hy bly getrou. Vir die moedelse Moses gee Hy sewentig Geesvervulde manne. Hy spaar die volk van totale uitwissing. Die volk moes egter leer met Wie hulle te make het. Die HERE gee vir hulle kwartels om te eet. Soveel dat die HERE sê dat hulle daarvan sal walg. Die kwartels word in God se toorn aan die volk gegee. Die volk sal eintlik self ook aan hierdie straf meedoen. Hulle sal so eet dat dit naderhand by die neus sal uitkom (vers 20). Ja, hulle sou stik in hulle gulsigheid. Hulle sou stik in hulle ontevredenheid omdat hulle eintlik die HERE verwerp het. Hulle het hul honger na die HERE vir vleis verruil.

Die volk vererger die straf nog meer. Hulle hardloop soos 'n klomp uitsinniges vir amper twee dae agter die

kwartels aan. Asof die manna van die HERE nie genoeg is nie. Die persoon wat die minste bymekaar gemaak het, het 'n ton vleis gehad sê, die Bybel.

Daarom tref die HERE hulle met 'n groot plaag. Die vleis was nog tussen die tande toe hulle gestraf word. Dié plek word Kibrot-Hattaäwa, die grafte van die gulsiges, genoem. Die grafte van die wat teen die HERE begeer het, van die wat die HERE se genadebrood nie genoeg geag het nie. Die grafte van die wat gesê het hulle is moeg vir God se genadebrood.

Die Engel van die verbond

Tog vernietig die Heilige nie die hele volk nie al versaak Moses sy amp op daardie tyd. Waarom dan nie? Ja, dit was nie Moses wat hierdie volk gebaar het nie, maar dit was die HERE self gewees. As Moses, die aardse middelaar, nie meer kan nie, dan is die Engel van die HERE steeds daar.

Die Engel van die HERE is die Middelaar wat vir die volk en vir Moses intree op grond van dit wat Hy nog op Golgota gaan doen. Jesus Christus, die Engel van die HERE, is die Middelaar ook van die Ou Testament. Daar was en sal altyd net een Middelaar wees. Een verbond en een Middelaar. Sonder die Engel van die HERE sou die volk inderdaad vernietig gewees het!

Hoe groot is ons Middelaar nie. Moses knak onder die ondankbaarheid en die begeerte van die volk. Hy breek onder hulle sonde. Die Engel breek of knak nie. Hy kom woon onder ons. Hy word waarlik mens. Christus ween ook oor die onreg van Jerusalem en die ongeloof van die mense by Lasarus se graf. Die Here Jesus word verraai, verlaat en verloën deur die wat die naaste aan Hom was. Die onreg word nie een te veel vir Hom nie. Hy beswyk nie onder die las van hierdie volk se sonde

nie, maar Hy dra hulle straf tot aan die einde, totdat die laaste oortjie betaal is.

Hy is die ware manna van God uit die hemel. Ek is die brood van die lewe sê Hy vir die mense in Johannes 6. Hy sê: 'Julle vaders het die manna in die woestyn geëet en gesterwe' en verder: 'As iemand hierdie brood eet, sal hy lewe tot in ewigheid'. Jesus Christus is die ware genadebrood van God uit die hemel. Hy is die voedsel van God se guns en goedertierenheid. Hy is die brood van die lewe. Daar is vir ons niks heerliker en niks beters as hierdie Manna uit die hemel nie. Dit is na Hom dat ons honger. Wie gemeenskap met Hom het sal leef tot in ewigheid.

Ons woestynreis

Ons tog na die nuwe aarde is ook in 'n sekere sin 'n woestynreis - 'n pelgrimstog. Ons moet glo en na niks anders honger as die Brood uit die hemel nie. God se Manna uit die hemel is vir ons genoeg. Net Christus, Hy is ons lewe. Ja, al ly ons dalk nou vir Hom, al regeer ons nie nou aan sy regterhand nie, al sien ons Hom nie - Hy is vir ons genoeg. Slegs deur Christus sal ons geloofstog voleindig word.

Bogenoemde vra aandag vir veral twee dinge. Eerstens moet die ampsdraers nie murmureer asof hulle geen genade in God se oë gevind het nie. Die volk behoort aan God al sou hulle ondankbaar wees. Die volk se Middelaar hou nooit op om vir hulle in te tree nie. Hoe kan die ampsdraers dan moedeloos word asof God se genade te min is? Laat die ampsdraers maar net Christus bedien en verkondig. Net die Woord en sakramente is nodig, niks meer nie. Christus is genoeg. Tweedens: Hoe maklik raak mense nie ontevrede met God se Manna uit die hemel nie. Ek soek sensasie. Ek soek tekens en

wonders, gesigte en visioene. Ek soek buitebybelse belewenisse. Sommiges maak van die teologie 'n afgod, teologie sonder die honger na Christus. Intellektualisme met 'n geloofsklanke of gemeentelike aktiwiteite en gebeurtenisse waarin Christus nie meer plek het nie, hoogstens miskien 'n sweem van godsdienstigheid.

Sommiges meen weer op 'n ander manier dat Christus nie genoeg is nie. Die konserwatisme wil regulasies, gebooe en tradisies byvoeg asof dit die Kanon is. Ek leef nie my belydenis nie. Ek leef iets wat ek maar bloot aangeleer het. Maar Christus alleen is vir ons genoeg.

In hierdie woestynreis na die nuwe aarde skenk God ons alles wat ons nodig het. Ja, veel meer as wat die volk van ouds ooit ontvang het. Hy gee ons sy Seun. Hy gee sy Woord en Gees sodat ons Hom in die geloof kan omhels. Dink 'n bietjie na hoeveel ander dinge u saam met Christus uit sy hand ontvang. Sy genadebrood is waarlik vir ons genoeg.

Daarom moet ons waak om nie te kla terwyl God se genadebrood wit om ons lê nie. Ons moet waak om nie gulsig te word nie. God laat jou stik in jou gulsigheid. Ons moet tog waak om nie meer as Christus te wil hê nie, want daar is niks en niemand meer as Hy nie. Ons moet dankbaar wees vir alles wat Christus ons daagliks in sy genade skenk. Die genadebrood van elke dag moet ons met vergenoegdheid eet.

Laat ons verlang na die rykdom van die HERE se Woord. Laat ons smag na die gemeenskap met die lewende God. Laat ons daagliks honger na Christus, die brood van die lewe. So sal ons met dankbare en blymoedige harte ook die genadebrood van elke dag kan eet totdat ons tuis kom.

KERKERF

Ds HLJ Momberg, Pretoria - Die Kandelaar

'Neergedaal het na die hel'

Hierdie artikel van die Apostoliese geloofsbelijdenis bring ons by die allerdiepste belydenissaak aangaande die Here Jesus. Hy het in ons plek gely sodat ons dit nie hoef te smaak nie.

Aktualiteit

Volgens 'n beskrywingspunt aan 'n Nasionale Sinode is daar 'n meningsopname oor hierdie belydenisartikel gemaak. Baie lidmate

is gevra hoe hulle dit verstaan. Die oorgrote meerderheid verstaan dit so: Jesus het nadat Hy gesterf het en begrawe is, neergedaal na 'n plek met die naam 'die hel'. Hierdie resultaat is tereg skokkend. Dit

is nie in ooreenstemming met die verduideliking van die Kategismus oor hierdie artikel en ook nie met die Skrifopenbaring aangaande die saak nie. Daarom word daarop aangedring dat hierdie artikel geskrap, anders geformuleer of op 'n ander plek of posisie in die 12 artikels geplaas word.

Die probleem loop egter al oor baie eeue. Hierdie artikel is naamlik deel van 'n ekumeniese belydenisskrif wat deur die oorgrote meerderheid christelike kerke wêreldwyd erken word. Tog word dit verskillend verstaan. Op grond van 'n misverstand kan die artikel nie somer verander word nie. Dieselfde opname met die Bybel in die hand, sou waarskynlik tot nog groter skokkende ontdekkings lei oor hoe mense die Bybel verstaan. Dit is egter nie 'n rede waarom ons die Bybel moet verander nie. Ons het hier met 'n ekumeniese belydenisskrif te doen wat die wêreldwye kerk nie net oor tale, kulture, nasionaliteite en kontinente en selfs die grootste aantal christelike kerke heen verbind nie, maar ook oor 'n tydperk van bykans 2000 jaar. Dit sal 'n baie gewigtige saak wees om nou, op hierdie stadium van die wêreldgeskiedenis, te moet besluit om aan die Apostolicum te verander. Dit sal ons posisie in die ekumene, asook ons band met die kerk van alle eeue, regstreeks raak.

Beredenering

Die argument word aangevoer dat die belydenisskrif nie dit wat ons eintlik glo heeltemal volkome formuleer nie. Dit is natuurlik waar, want dit is 'n menslike geskrif (beperk deur die mens se taalkundige onvermoëns) wat poog om die openbaring van die Goddelike Woord in enkele kort sinne weer te gee om daarmee die kern van ons ongetwyfelde geloof uit te druk. Dit is nie 'bedoel' om omvattend te wees nie. Selfs die Bybel is nie in alle opsigte omvattend nie (Johannes 21: 25), dog genoegsaam (2 Timoteus 3: 17; NGB artikel 7).

Verder sal ons met die verandering van die één artikel gedwing wees om ook na elke ander artikel te kyk met die oog daarop om dit te verander om meer korrek te wees. 'n Voorbeeld is die eerste artikel: ons glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van hemel en aarde. Die eerste Persoon

van die Goddelike Drie-eenheid is nie outomaties ons Vader en, vir praktiese doeleindes, almal se Vader nie, maar alleen in en deur Jesus Christus.

Verder is nie die Vader alleen almagtig nie. Hy het nie alleen in die skeppingswerk gehandel nie, maar al drie die Persone van die Goddelike Drie-eenheid. Hy het ook nie maar net die hemel en die aarde geskep nie¹. Wat van die engele? (NGB artikel 12). So ook die artikel dat Hy onder Pontius Pilatus gely het. Dit sou moontlik meer korrek wees om te bely dat Hy onder Herodus of onder die Jode gely het of dat Hy onder Pontius Pilatus gevonniss is. As ons begin om één artikel te verander, sal ons aan letterlik elke artikel moet verander. Dan praat ons nog nie eers van die groot tekortkominge in die apostolicum as geheel nie. Ons lees daarin niks van die uitverkiesing, die bekering en die heiligmaking nie. Ons lees byna net van die bestaan van die Heilige Gees en bely niks van Wie Hy is en wat Hy doen nie. Die feit dat Jesus gely en gesterf het sê nog niks dat Hy dit eintlik vir ons gedoen het nie. Tereg is daar mense wat vanuit hierdie kritiese benadering opmerk dat die apostolicum glad nie kan voldoen aan 'n egte belydenis (credo) wat die dinge wat die christene glo, akkuraat en voldoende formuleer nie. Om hierdie rede rig Clifton R Loucks² 'n kragtige pleidooi en uitdaging: 'A new Christian creed is necessary to replace the truncated, misnamed and misleading Apostles' Creed.' Die Nasionale Sinodes van 2000 en 2003 het besluit om die formule aangaande Christus se neerdaling na die hel te herformuleer, sodat dit in ooreenstemming kan wees met wat ons werklik daarby bedoel. Om dan steeds kort en bondig te bly sonder om in die herformulering in ander slaggate te val is egter bykans onmoontlik.

Aard en bedoeling van die Apostolicum

'n Belydenis moet dit wat christene vanuit die Woord glo, helder en akkuraat definieer. Mense moet nie daarmee verwar word nie. Intendeel, 'n belydenis wil juis verwarring en dwaling uit die weg ruim. 'n Belydenis is naamlik 'n slagspreuk of simbool wat bedoel om 'n wêreld van inligting daaragter aan te dui, soos byvoorbeeld

'n landsvlag of 'n verkeersteken. 'n Belydenis kan nie betekenis op sigself hê as die wêreld van inligting wat daaragter lê nie ook verduidelik en ontsluit word nie. 'n Belydenis pleit om nader verduidelik te word³. Die Reformatore het daarom die wyse weg opgegaan om nie die simbool van die christenheid te verander nie, maar in hulle geskrifte die betekenis daarvan, soos die Skrif dit openbaar, uitgelê en nader verklaar.

Historiese agtergrond

'n Oorsig deur die geskrifte van die Kerkvaders in die eerste vier eeue na Christus lewer bewyse dat hierdie spesifieke artikel oor die neerdaling na die hel nie van die begin af deel was van die Apostoliese Geloofsbelydenis nie. Volgens Rufinus, 'n briljante taalkundige wat Griekse werke na Latyn vertaal en in die jaar 410 gesterf het, het hierdie woorde nie in die kerk van Rome of in die kerke van die Ooste voorgekom nie⁴. Hierdie woorde het egter in dieselfde tyd wel reeds in die belydenis van die Sinode van Sirmium (359), Nicea (359) en Konstantinopel (360) voorgekom. Daarna het dit na al die lesings van die Apostoliese geloofsbelydenis oorgegaan⁵. In die verstaan en die uitleg daarvan het daar egter 'n groot verskil van gevoel bestaan.

- Die verduideliking uit die Griekse kerk lui dat Christus met sy Goddelike natuur en met sy menslike siel na die onderwêreld gegaan het. Hy het daar die siele van die heilige voorvaders gaan bevry en die een moordenaar wat saam met Hom gekruisig is na die Paradys oorgebring.
- In die Weste is die realiteit van die neerdaling na die hel gehandhaaf. Op die vierde Lateraanse konsilie

¹ Kyk byvoorbeeld Eksodus 20:11 'Want in ses dae het die HERE die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is...'

² In 'n artikel van *The Trinity Foundation* by <http://www.trinityfoundation.org/journal.php?id=108>

³ Ons het dit in die loop van die geskiedenis gedoen deur die toevoeging van nog twee ekumeniese belydenisskrifte (die geloofsbelydenis van Nicea en die van Atanasius), asook die Drie Formuliere van Eenheid (Die Heidelbergse Kategismus, die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Dordtse Leerreëls).

⁴ Kyk die beskrywing hiervan by <http://www.ccel.org/ccel/schaff/nphf203.vi.ii.i.html>

⁵ By http://www.ccel.org/ccel/schaff/creeds2.iv.i.i.i.html#fnb_iv.i.i.i-p13.2 is 'n verklaring hieroor

van 1215 is vasgestel dat Christus na sy dood werklik in sy siel - maar nie na sy liggaam nie - na die hel neergedaal het.

- In die Roomse kategismus word die sinsnede as volg omskrywe: Christus het onmiddellik na sy sterwe in sy siel na die hel neergedaal en daar so lank gebly as wat sy liggaam in die graf gebly het. Hy het egter nie daarheen gegaan om te ly nie, maar om as 'n oorwinnaar die demone te verslaan en hulle hul buit te ontnem. In besonder het Hy die demone van die heilige voorvaders van die ou verbond ontnem. Alhoewel hulle nie gely het nie, het hulle die salige aanskouing van God gemis en was deur verlange na die heerlikheid gekwel. Deur Christus is hulle verlos en later by sy hemelvaart ook na die hemele oorgebring. Uit die tradisie van die Roomse kerk is verskeie tekste aangevoer om hierdie sienswyse te bevestig, byvoorbeeld Hosea 13: 14; Psalm 16: 10; Handeling 2: 27, 31; Matteus 27: 52; Lukas 23: 43; Johannes 8: 56; Romeine 10: 7; Efesiërs 4: 9; 1 Petrus 3: 18 - 22; Hebreërs 11: 40; 12: 22. Daar is vasgestel dat al hierdie tekste met 'n verkeerde uitleg aangebied is.

Waar het Rufinus aan hierdie formule gekom?

Dit is die moeite werd om te probeer soek waar Rufinus hieraan gekom het. Waarskynlik het hy dit by die kerkvader Cyrillus van Jerusalem gevind. Cyrillus het in sy tyd in Jerusalem (± 348) 23 leerredes of onderwysings oor die christelike geloof geskryf. In sy 14de leerrede het hy 'n uiteensetting van die opstanding gegee⁶:

'And after this He says most plainly, For Thou wilt not leave My soul in hell; neither wilt Thou suffer Thine Holy One to see corruption. He said not, neither wilt Thou suffer Thine Holy One to see death, since then He would not have died; but corruption, saith He, I see not, and shall not abide in death. Thou hast made known to Me the ways of life. Behold here is plainly preached a life after death. Come also to the 29th Psalm, I will extol Thee, O Lord, for Thou hast lifted Me up, and hast not made My foes

to rejoice over Me. What is it that took place? Wert thou rescued from enemies, or wert thou released when about to be smitten? He says himself most plainly, O Lord, Thou hast brought up My soul from hell. There he says, Thou wilt not leave, prophetically: and here he speaks of that which is to take place as having taken place, Thou hast brought up. Thou hast saved Me from them that go down into the pit. At what time shall the event occur? Weeping shall continue for the evening, and joy cometh in the morning: for in the evening was the sorrow of the disciplines, and in the morning the joy of the resurrection.'

'Now take also another testimony in the 88th Psalm, where Christ speaks in the Prophets, (for He who then spoke came afterwards among us): O Lord, God of My salvation, I have cried day and night before Thee, and a little farther on, I became as it were a man without help, free among the dead. He said not, I became a man without help; but, as it were a man without help. For indeed He was crucified not from weakness, but willingly and His Death was not from involuntary weakness. I was counted with them that go down into the pit. And what is the token? Thou hast put away Mine acquaintance far from Me (for the disciples have fled). Wilt Thou shew wonders to the dead? Then a little while afterwards: And unto Thee have I cried, O Lord; and in the morning shall my prayer come before Thee.'

Wat hier sterk opval is die verklaringsbeginsel wat Rufinus by Cyrillus in verband met die Psalms oorgeneem het: 'for He (Christus, HLJM) who then spoke came afterwards among us'.

Na bewering het Rufinus hieruit sy gedagtes gekry wat hy in sy verklaring van die apostolicum oorgeneem het⁷:

'That He descended into hell is also evidently foretold in the Psalms, where it is said, "Thou hast brought Me also into the dust of the death." And again, "What profit is there in my blood, when I shall have descended into corruption?" And again, "I descended into the deep mire, where there is no bottom." Moreover, John says, "Art Thou He that shall come (into hell, without doubt), or do we look for

another?" Whence also Peter says that "Christ being put to death in the flesh, but quickened in the Spirit which dwells in Him, descended to the spirits who were shut up in prison, who in the days of Noah believed not, to preach unto them" where also what He did in hell is declared. Moreover, the Lord says by the Prophet, as though speaking of the future, "Thou wilt not leave my soul in hell, neither wilt Thou suffer Thy Holy One to see corruption." Which again, in prophetic language he speaks of as actually fulfilled, "O Lord, Thou hast brought my soul out of hell: Thou hast saved me from them that go down into the pit".'

Dit is opvallend dat die leerstuk oor Christus se neerdaling na die hel sterk berus op 'n uitleg van die dele in die Psalms waarin Christus sy lyding en helse smarte vooruit verkondig het. Anders as die bykomende fraserings wat die Roomse kerk daarvoor uitgedink het, was die vroeë kerk se oortuiging van Christus se neerdaling in die smarte van die hel hoofsaaklik gegrond op die betekenis van die Psalms ('for He who then spoke came afterwards among us')⁸. Vandag sou baie kritiek oor die moontlike allegoriserende verklaarwyses wat die kerkvaders gebruik het, uitgebring kon word. Laat ons dan ten minste erken dat die Here hulle geseën het met die verligting van sy Gees en die deursigtigheid van die Skrifte om die waarheid van die omvang van die Skrif te herken. Die ononderhandelbare argumentpunt dat Christus die volle impak van die helse smarte gely het, het blykbaar by Calvyn die deurslag gegee.

Ten aansien van die Roomse ketterse versinsels van hierdie belydenis het die Reformatore duidelik na die eenvoudige Skrifopenbaring terugbeweeg. As daar ooit 'n tyd was dat hierdie frase met goeie rede gewysig of geskrap kon word, was dit juis tydens die Reformasie.

- Op daardie stadium het die meeste mense juis uit die Roomse kerk gekom en was met die Roomse opvatting besmet.

⁶ Kyk by http://www.ccel.org/ccel/schaff/fnf_ii.xvii-p20.1#fnf_ii.xvii-p20.1

⁷ Ibid

⁸ Vgl Lukas 24: 46 - 48 en 1 Petrus 1: 11

- Daarby kon die meeste mense nie lees om een of ander nader verklaring hiervan te bekom nie.

Dit sou in daardie tyd met goeie reg meer sinvol kon wees om hieraan te verander. Tog het die Reformatore dit nie gedoen nie. Nee, hulle het dit behou omdat dit deel is van 'n ekumeniese belydenisskrif. Hulle het egter moeite gedoen om 'n korrekte verklaring daarvan te gee wat inderdaad die Bybelse waarhede in verband met Christus se sielslyding naspreek⁹. Sedert die Reformasie was dit 'n belangrike doel dat lidmate met kundigheid, met insig en met volwassenheid aan die korrekte betekenis van die geloofswaarhede blootgestel word, sodat hulle nie meer soos leke nie, maar soos mondige lidmate kerk kon wees. Hier word nie verder op die Lutherse of Zwingliaanse beskouinge ingegaan nie - wel die wyse waarop Calvyn dit verklaar en hoedat Ursinus hom hierin nagevolg het met die verklaring wat ons in die Heidelbergse Kategismus vind.

Die ordelike posisie wat die neerdaling in die Apostolicum inneem

Ten eerste is dit belangrik dat hierdie artikel oor Christus se neerdaling na die hel op hierdie spesifieke plek ná die sterwe en begrafnis geplaas is en ook daar tuis hoort; nie soos wat Rome dit verklaar het dat Christus in tydorde eers ná sy begrafnis in sy siel na 'n plek met die naam hel of *gehenna* of die *inferna* afgedaal het nie. Vir Gereformeerdes het hierdie formule nie te doen met gebeurtenisse wat mekaar in tydorde die een na die ander so opgevolg het dat Jesus eers na sy begrafnis 'n volgende gebeurtenis, naamlik die neerdaling beleef het nie. Ons kyk na hierdie belydenis van Jesus se neerdaling na die hel as 'n duidelike **logiese**, sowel as 'n **dimensionele onderskeiding** van die vorige artikels. Die vorige artikels konsentreer in hulle betekenis veral op die liggaamlike kant van Christus se lyding, terwyl hierdie laaste een veral op sy sielslyding konsentreer. Al die vorige artikels oor sy lyding beklemtoon veral die uitwendige kant daarvan met allerlei sake wat ewe maklik op enige ander mens toegepas kon word. Daar was immers baie mense wat onder Pontius Pilatus gely het, gekruisig is, gesterf het

en begrawe is? Daarom is dit nodig dat hier 'n artikel bygevoeg moet word wat na al die liggaamlike lyding, veral ook die sielslyding van die Here Jesus en sy helse smarte in sy diepte-dimensie verwoord. Hierdie spesifieke geloofsartikel gee in 'n sekere sin die diepste hart van Jesus se lyding weer - wat Hy in ons plek gesmaak het. Ons moet stellig nog verder gaan. As dit nie vir hierdie presiese dimensie in Jesus se lyding was nie, het Hy inderdaad nog niks in terme van sy hele versoeningsdaad bewerk nie. Hy sou dan niks anders as 'n gewone held soos Wolraad Woltemade of Rageltjie de Beer of een of ander 'vryheidsvegter' gewees het nie. Trouens, daar is reeds teoloë wat beweer dat Christus se lyding niks anders of meer as ons gewone menslike lyding was nie. Dit is alleen moontlik om tot so 'n dwase afleiding te kom as 'n mens hierdie artikel oor Christus se sielslyding en helse smarte nie meer ag nie.

Wat die besondere posisie van hierdie artikel binne die belydenis betref, is dit logies en ordelik om ná al die ander liggaamlike aspekte van Jesus se lyding ook sy sielslyding, wat terselfdertyd as sy liggaamlike lyding plaasgevind het, te bely. Hiermee kyk ons dus by nabaat terug na elke ander lydingsartikel, sodat ons in die lig hiervan die ware diepte en die eintlike karakter van Jesus se lyding kan begryp wanneer ons dit bely. Die artikel van Jesus se neerdaling in die hel, dui die diepte-dimensie van sy geboorte, sy lyding onder Herodes, Pilatus, Annas en sy ander tydgenote en sy kruisiging, sterwe en begrafnis aan. By al hierdie dinge moet ons lees dat Hy met alles óók in sy siel helse smarte en bange Godverlatenheid gely het.

Die betekenis van die formule dat Christus na die hel neergedaal het

Wat is die betekenis van die formulering van hierdie artikel? Weereens is dit belangrik dat die gereformeerde vaders die Skrif op hierdie formuleringe nagespreek het. Die woord 'neergedaal' is om besondere redes belangrik. Dit kan nie daar uitgeneem word nie. Nie omdat daarmee een of ander fisiese neerdaling of selfs 'n rigting van neerdaling van bo na benede na 'n

plek, die hel, bedoel word nie, maar neergedaal in terme van sy heerlike en Goddelike gestalte wat Hy by sy hemelse Vader geniet het (Filippense 2: 6, 7; Efesiërs 4: 9, 10). Hy het Homself daarvan ontledig en is onder ons verneder (Jesaja 53). Hy bid sy Vader juis om Hom weer te verheerlik met die heerlikheid wat Hy gehad het voordat Hy na die aarde gekom het (Johannes 17: 5). Paulus getuig teenoor die Filippense dat Jesus dit nie as 'n berowing geag het om sy Goddelike gestalte te verlaat en die menslike gestalte aan te neem nie. Hy het mens geword en onder ons kom woon. Onder ons is Hy verder verneder tot die dood toe - ja, die dood van die kruis. Die aflegging van sy eer en sy voorregte word telkens as 'n neerdaling gesien. Hy het vandat Hy in die maagd Maria deur die Heilige Gees ontvang is en elke verdere belewenis daarna vir die res van sy aardse lewe, hoe langer hoe dieper en intenser in die smarte van die hel neergedaal, totdat Hy die heel diepste en ergste daarvan aan die kruis, tydens die drie ure duisternis, beleef het. Teen die einde daarvan het Hy uitgeroep waarom sy God Hom verlaat het. Die dieperwordende diepte merk 'n mens by die evangeliste op. Hoe nader aan die dood, hoe meer detail en gebeurtenisse word beskrywe. Jesus smaak in toenemende intensiteit die volle felheid van die hel. As pasgebore babatjie is daar vir Hom geen plek nie. Sy bedjie is 'n voerkrip in 'n dierestal. Daarna word Hy deur Herodes in woede vervolgd sodat hulle na Egipte moes vlug. Net na sy doop in die Jordaan, is Hy deur die Satan in die woestyn versoek. Sedertdien het die bombardement van die Satan nie opgehou nie. Jesus het die helse smarte beleef soos wat mense in die hel dit beleef. In die eerste plek het Hy die sataniese haat van die duivel en sy magte gesmaak. Verder het Hy die haat en afguns van vyandige mense gesmaak soos wat sy eie volksgenote Hom verag, verwerp, vervolgd en gespot het. Dan het Hy die ergste beleef - ook sy Vader het sy geseënde nabyheid omgedraai. Hiervoor was daar doodse stilte. Die son is vir daardie drie ure verduister. In daardie drie ure van stilte het Hy die toorn van sy God en hemelse Vader in die naakte werklikheid volkome gesmaak. Daarin het die betekenis van die kruisvloek tot sy volle reg gekom.

⁹ Calvyn Institusie 2.16.8 e.v.

So het Hy in alle werklike terme in God se wraakstraf maar ook die angste en smarte van die hel al hoe dieper en al hoe intenser neergedaal. Nie na die plek van die hel nie, maar in die toestand van die hel. Alles wat my as Goddelike straf moes toekom, die volle belewenis van die poel van vuur en van die buitenste duisternis - dit alles het Jesus in my plek gesmaak. Daarin het die Vader sy eniggebore Seun al hoe dieper laat insak totdat dit hom heeltemal in duisternis en Godverlatenheid oordek het.

Kritiek teen die herformulering van Sinode 2003

Na jarelange onsuksesvolle worstelinge oor die moontlikheid om die frase opnuut te vertaal het Sinode 2003 tot die volgende herformulering gekom: Die woorde in die Apostolicum 'en neergedaal het na die hel' word met die volgende konsepbewoording vervang: 'wat die angste van die hel tot in die dood toe ondergaan het'. Hierdie besluit is goedgekeur.

Die woorde in die Athanasium 'wat ter wille van ons saligheid gely het, na die hel neergedaal het, op die derde dag uit die dood opgestaan het' word met die volgende konsepbewoording vervang: 'wat ter wille van ons saligheid gely het, en só die angste van die hel, tot in die dood toe, ondergaan het, op die derde dag uit die dood opgestaan het'. Die besluit is ook goedgekeur.

Daar is ten minste drie ernstige probleme met die nuwe formulering:

- Is dit wat Christus ter wille van ons gely het alleen maar 'die angste van die hel'? Angs is immers net 'n menslike (voor)gevoel soos wat Hy op die vooraand van die kruisiging in die tuin van Getsemane ervaar het. Ons weet dat Jesus in sy alwetendheid en sy doodsbenoudheid ten volle besef het wat die impak van die vloek van God inhou, maar dit was nog nie die werklike ondergaan van die vloekdood self nie. Die Nagmaalsformulier is hier meer akkuraat as hy in 'n reeks van opklimmende redes sê: 'Hy het helse pyn en smart en bange Godverlatenheid gely'. Soos dit nou vir toetsing uitgegee is, het Christus nie werklik die hel in ons plek gely nie. Hy was nog net bang daarvoor.

- Moes die belangrike degressie van Christus se lyding van geboorte tot sterwe in die uitdrukking van die woord 'neerdaling' wegval omdat ons dit nie meer wil bely nie? Hoe verwoord ons andersins die verklarende omskrywing van die Kategismus van hierdie term opnuut byderwets? Verskeie Skrifgedeeltes beskrywe inderdaad 'n 'neerdaling' wat begin het toe Hy sy Goddelike en heerlike gestalte prysgegee het (Filippense 2; Efesiërs 4; Johannes 1; 17) en mens geword het (vergelyk geloofsbelydenis van Nicea) en voortgegaan het totdat alles aan die kruis volbring is (Jesaja 53).

- Is die vars toevoeging 'tot in die dood toe' 'n korrekte weergawe van wat die Bybel ons leer en is dit 'n akkurate verwoording van hoe ons dit in die Kategismus bely? Hoe het ons die beleving van die vloek van God in verband gebring met die feit dat Jesus, toe Hy sy asem uitgeblaas, sy Gees in die hande van sy Vader toevertrou het en na die paradys toe is waar die een medekruiseling dieselfde dag nog saam met Hom sou wees? Ons bely in Sondag 15, vraag en antwoord 37 (Heidelbergse Kategismus) dat Christus die toorn van God 'veral aan die einde' van sy hele lewe gedra het en in sondag 16, vraag en antwoord 44 (Heidelbergse Kategismus) 'deur sy hele lewe, maar veral aan die kruis' onuitspreklike angs, smarte en verskrikking gely het.

Miskien, as dit móét, sou 'n sinvolle wysigingsvoorstel kon wees om die verwarrende tydopeenvolgende aanvangswoord 'en' taalkundig verantwoordbaar met 'n naderverklarende 'dus' te vervang en die verwarrende plekaanwysende voorsetsel 'na' te vervang met 'in'. Dan lui 'n herformulering so: 'dus ... neergedaal het in die hel'.

Die nut van Jesus se neerdaling vir ons

Die lyding van Jesus het vir my soveel meer betekenis as wanneer enige ander iemand sou gely het. Al my aanvegtinge en al my benoudhede wat ek van dag tot dag ervaar is nou nie meer ervarings van helse smarte en bange Godverlatenheid nie. Die vloek van God is daaruit. Wanneer ek nou in die dal van doodskaduwee ingaan hoef ek geen onheil te vrees nie. Geen doodsrees of verskrikking nie, want U is met my, u stok en u staf is my troos, my tugtiging, my beskerming. Daarom ook my roeping: As dit die gesindheid van Jesus was om vir my in die hel neer te daal, wil Hy juis dat dieselfde gesindheid van selfverloëning in ons moet wees (Filippense 5: 5 e.v.). Dan sal ons ook ons krag van Hom ontvang om onself te ontledig en te stroop van eiewaan en selfdunk. Dan is ons nie meer selfbevryders nie, maar soek ons die volle saligheid en geluk buite onself in Hom wat ons so volkome liefgehad het.

Aros

Akademie Reformatoriese Opleiding en Studies

bied in samewerking met Potch 'n volledige B Ed studie aan voornemende onderwysers

Die vierjarige studie in Pretoria sluit in:

- Drie gelyktydige kwalifikasies: 'n erkende B Ed-graad van Potch, 'n Aros-kwalifikasie en 'n skoolgetuigskrif van praktiese vermoëns
- Skriftuurlike fundering in alle vakke
- Addisionele lewensbeskoulike modules
- Onmiddellike praktiese indiensopleiding
- Kleinskalige onderrig en persoonlike begeleiding

In 2005 word slegs 'n beperkte aantal eerstejaars toegelaat. Graag verskaf ons verdere inligting.

**Tel 012 332 3222
of Posbus 31120, Totiusdal, 0134
of e-pos rvdkooy@mailbox.co.za**

'n Kwade dag in die parlement - toeganklikheid van die aborsiewet

In die afgelope weke is daar heelwat oor die aborsiewetgewing in Suid-Afrika gepraat en gepubliseer. Die parlement het bestaande aborsiewetgewing meer toeganklik gemaak. In kort hou dit in dat verpleegsters ook nou aborsies kan uitvoer. Verder kwalifiseer alle klinieke en hospitale nou outomaties om aborsies sonder die toestemming van die minister uit te voer. Groter druk word sodoende op gesondheidswerkers geplaas om aan aborsiepraktyke deel te neem.

Al hoe meer aborsies word met misoprostol, die mees beskikbare abortifikaant, geïnisieer. Hierdie middel veroorsaak kontraksies van die baarmoeder wat tot gevolg het dat die embryo met plasenta afgedryf word. Die vrou begin dus te bloei soos in die geval van 'n miskraam. Die aborsie wat met misoprostol geïnduseer word, is nie volledig nie. Daarom moet die vrou in 'n hospitaal 'n prosedure kry om die baarmoeder 'skoon te maak'. Dit word 'n dilatasie en kurettrasie genoem en geskied onder 'n sedeermiddel soos midazolam of pethidien. Die serviks word gedilateer en die binnekant van die baarmoeder gekuretteer. Hierdie prosedure is nodig om die bloeding te stop wat ernstig kan wees as gevolg van bloeding van die embryo of plasenta of produkte daarvan.

Indien dit nie gedoen word nie, kan die vrou ernstige hoeveelhede bloed verloor wat lewensbedreigend kan wees.

Algemene praktisyns en verpleegsters gee hierdie middel steeds meer aan vroue wat 'n aborsie versoek. Die vroue word geadviseer om, sodra die bloeding begin, na 'n hospitaal te gaan waar 'n dilatasie en kurettrasie uitgevoer kan word. So word die werk van die aborsie in die spreekkamer of kliniek geïnisieer en in die hospitaal afgehandel. Hierdie praktyk kom al hoe meer voor en gaan in die toekoms onder die nuwe wetgewing toeneem.

Dokters en verpleegsters wat in

hospitale aan diens is, ontvang 'n pasiënt met vaginale bloeding nadat sy misoprostol van 'n ander dokter of verpleegster ontvang het om 'n aborsie te induseer. 'n Groot dilemma. Die personeel word nou met 'n pasiënt gekonfronteer waarin 'n aborsie geïnduseer is en waarvan hy of sy nou gevra word om die 'werk van die aborsie' deur middel van 'n dilatasie en kurettrasie te voltooi. Dus, 'n dokter of verpleegster wat geen probleem met aborsie op versoek het nie, begin die aborsie en laat dan die werk aan iemand anders oor wat moontlik prinsipiëel daarteen gekant is.

Onlangs het ek self so 'n pasiënt gehad. Sy het by die hospitaal gekom met die klagte van vaginale bloeding en laer abdominale pyn. Na ondersoek het ek bevind dat sy swanger was en die diagnose van 'n onvolledige miskraam gemaak. 'n Dilatasie en kurettrasie was noodsaaklik om te verseker dat sy ophou bloei. Die pasiënt was eerlik genoeg om te vertel dat haar algemene praktisyn haar misoprostol gegee en vir haar gesê het dat sy hospitaal toe moet kom as sy begin bloei. U begryp die probleem. Haar algemene praktisyn het geen brief saamgegee om te verduidelik wat hy gedoen het nie en die dokter aan diens in die hospitaal heeltemal in die duister gelaat. Of haar algemene praktisyn enigsins met haar oor die gevolge van aborsie gepraat is, is onbekend.

Die dokter se besonderhede is opgespoor en hy is geskakel. Vir hom en die pasiënt het ek verduidelik dat ek prinsipiëel nie deelneem aan aborsiepraktyke nie. Verder het ek hom versoek om die werk wat hy begin het klaar te maak. Ek het die pasiënt gestabiliseer, 'n infuus in werking gestel en haar, met 'n verwysingsbrief met my bevindinge, na die algemene praktisyn terugverwys.

Wat staan ons as Christen-dokters en -verpleegsters te doen nou dat die wetgewing so toeganklik geword het dat dokters en verpleegsters omliggend aan 'n hospitaal kan aanneem dat

elke fasiliteit kwalifiseer om aborsies uit te voer? Hulle kan nou sonder om teen die wet te handel 'n aborsie met misoprostol induseer. Onder die nuwe wetgewing sal misoprostoltablette makliker en by meer klinieke beskikbaar wees. Steeds meer dokters sal onder druk kom om die aborsieproses in die hospitaal af te handel.

Dit is skrikwekkend om te weet dat daar sedert die beskikbaarheid van misoprostol reeds 'n hele aantal vroue gesterf het - uiteraard 'n onnatuurlike dood. Doctor's for Life ('n anti-aborsie vereniging onder dokters) het onlangs 'n verduideliking van die minister van gesondheid gevra oor die onnatuurlike sterftes van vroue in een provinsie as gevolg van die gebruik van misoprostol. 'n Antwoord is nog uitstaande.

Dit is 'n moeilike situasie. 'n Paar riglyne mag dalk help in die gesprek en praktyk:

- Dit is duidelik dat dokters en verpleegsters met die nuwe wetgewing onder groter druk gaan kom om deel te neem aan aborsiepraktyke. Dokters en verpleegsters kan selfs onwetend in die aborsiepraktyk ingetrek word deurdat hulle aangewese is op die eerlikheid van die pasiënt en die verwysende dokter of verpleegster om hulle in te lig dat die vaginale bloeding waarmee hulle presenteer nie die gevolg van 'n natuurlike miskraam is nie, maar van 'n wilsbesluit om die vrug af te dryf sekondêr tot 'n pil wat 'n dokter of verpleegster aan hulle gegee het.
- Christen-dokters en -verpleegpersoneel sal 'n pasiënt wat presenteer met 'n vaginale bloeding moet vra of hulle enige pil by 'n dokter of verpleegster gekry het om 'n aborsie te induseer. Hierin is hulle heeltemal aangewese op die eerlikheid van die pasiënt en die eerbaarheid en professionaliteit van die dokter of verpleegster wat die aborsie geïnduseer het.

- Christen-dokters en -verpleegsters sal duidelik openheid moet gee dat hulle nie aan aborsiepraktyke van ander wil deelneem wat hulle nie self voltooi het nie. Die beste is om dit pro-aktief aan die betrokke gesondheidsowerheid (superintendent van die hospitaal) voor te lê. Geen gesondheidsowerheid kan dokters of verpleegsters bind om teen hulle oortuiging aan aborsiepraktyke deel te neem nie. My ervaring is dat 'n duidelike posisie-inname respek afdwing en gewoonlik verstaan word. Daaroor gaan dit natuurlik nie in die eerste plek nie, maar om aan die HERE meer gehoorsaam te wees as aan die mense, soos die gelowige vroedvrou in Egipte gedoen het. Dit moet ons uitgangspunt bly - ook as wetgewing dokters en verpleegsters onder groter druk plaas om aan aborsiepraktyke deel te neem.
- Christen-dokters en -verpleegsters kom voor 'n baie moeilike dilemma te staan as hulle byvoorbeeld op nagdiens 'n pasiënt kry waar 'n

aborsie elders geïnduseer is en met aktiewe bloeding by die hospitaal aankom. Hierdie pasiënt sal gehelp moet word. Dit beteken eerstens stabilisasie volgens die gewone protokol van resussitasie. Sorg dat die pasiënt se lugweg oop is, goeie ventilasie teenwoordig is en stabiliseer die bloeddruk en sirkulasie deur middel van 'n infuus en bloedoortapping, indien nodig. Dit is goeie praktyk om 'n sonar te doen en die diagnose te bevestig. Gewoonlik is die baba reeds oorlede (moord reeds gepleeg). Indien daar geen uitweg is nie, sal 'n dilatasie en kurettasie ook gedoen moet word om die vrou se lewe te beskerm. Dit sou nie aanvaarbaar wees om die vrou te laat doodbloei nie. Dit sal egter duidelik die volgende oggend aan die superintendent en die dokter of verpleegster wat die aborsie geïnduseer het, voorgehou moet word. Ook die pasiënt moet ingelig word. Jy is prinsipiële gekant teen deelname aan aborsiepraktyke. Dokters en verpleegsters wat aborsies sonder enige

verwysingsbrief induseer moet aan die dissiplinêre komitee van die mediese raad oorgegee word. Dit is onaanvaarbare en onprofessionele praktyk en moet aan die kaak gestel word. Dit is belangrik om met die superintendent te gaan praat om duidelik jou oortuiging oor te dra. Indien dokters of verpleegsters aborsies induseer moet hulle self hul werk afhandel.

Dit was 'n kwade dag in die parlement. Ons glo onomwonde dat God die mens vanaf konsepsie gemaak het. Dit is interessant dat aborsiewetgewing in die Verenigde Koninkryk en Verenigde State van Amerika meer beperk word - in teenstelling met wat ons in Suid-Afrika beleef. Oortuigende mediese bewyse is gelewer dat ongebore kinders reeds van 'n baie vroeër leeftyd 'mense' en lewensvatbaar is as wat vroeër gedink is - jammer dat daar nie gewoon by konsepsie al van beskermwaardigheid gepraat word nie. As christen-dokters en -verpleegsters sal ons daarvoor moet uitkom en hierdie belydenis moet laat hoor, ook voor die mense.

PERSSKOU

Ds GJ Meijer, Wonderboompoort

Die laaste maande word kerklike debatte beheers deur samewerking, mobilisasie, samesmelting, eenwording. Dit geld vir kerke in Suid-Afrika, sowel as oorsee. Charismatiese groeperinge, kerke vanuit die reformasie en selfs die Roomse kerk neem aan dié debat deel. Slegs op enkele punte in die 'kerklike allegaartjie' sal gefokus kan word.

Rome tik NG Kerk oor vingers

Na aanleiding van 'n artikel uit die pen van dr Coenie Burger in *Beeld* (19 Julie 2004) skryf Vader Johan Strydom van die Katolieke Kerk, Queenswood (*Beeld*, 20 Julie 2004):

Ek kon my oë amper nie glo nie! Dr. Coenie Burger, moderator van die algemene sinode van die NG Kerk, skryf in die rubriek Godsdienst-aktueel (19 Julie): "Om die Bybel op jou eie te lees en self jou afleidings te doen oor wat jy glo van God en die lewe en van reg en verkeerd is baie gevaarlik (my kursivering). Ons geskiedenis met apartheid sou dalk anders verloop het as ons op een of ander manier deel kon gebly het van die ekumeniese kerk."

Dit is presies wat die oorspronklike ware algemene ekumeniese kerk, met ander woorde die Katolieke Kerk, gestig

deur Jesus Christus, al 2000 jaar sê en leer, dat die "Sola Scriptura" van die Protestante verkeerd is en sal lei tot die gevaarlike verbrekking van 'n deel van die kerk in duisende denominasies wat nie kan ooreenstem nie.

Die openbaring van God in sy Woord kan gevind word in die Skrif én apostoliese tradisie (ongeveer eerste 200 jaar van die Kerk se bestaan) wat die opregte interpretasie bewerkstellig, met die lewende leiding van die Heilige Gees deur die Christus-gegewe gesag van Petrus en die apostels en hul opvolgers, dit wil sê die pous en al die biskoppe.

Toe die Protestante weggebreek het van die Moederkerk het hulle besluit om die Bybel van die Katolieke Kerk saam te vat en op hul eie te lees en dus net

twee van sewe sakramente te behou, en dié twee, die doop en die nagmaal, te verwater en dit is dus nie volledig verstaan soos in die vorige 1500 jaar nie.

As die Protestante, wat soos alle ware Katolieke daardie tyd teen sekere morele korrupsie geprotesteer het, maar net gewag het vir die Reformasie wat binne die Kerk gekom het, sou die geskiedenis baie anders verloop het.

Vader Strydom het dit oor 'ware Katolieke'. Daarmee verwys hy uiteraard na almal wat in die Roomse Kerk gebly het en nie aan die reformasie deelgeneem het nie. Opmerklik is die woordeskat wat hy besig. Katoliek (*kata plus holos*) beteken 'oor die hele (*holos*) wêreld versprei (*kata*)', universeel, algemeen,

ekumenies. In ons gereformeerde belydenis kom ons daarvoor uit dat die kerk katoliek is (NGB Artikel 27): algemeen in terme van tyd en ruimte. Vader Strydom sê in weerlegging daarvan: nee, ware Katolieke sou nooit met Rome gebreek het nie;

hulle sou vir reformasie binne die Kerk wag. Daarmee impliseer hy dat die Reformasie van die sestiende eeu skeurmakery is. Die eenheid van die kerk, wat deur Christus beveel is (Johannes 17), is onregmatig opgebreek.

Is Vader Strydom reg? Het hy nie 'n punt beet dat *die gevaarlike verbroekeling van 'n deel van die kerk in duisende denominasies* nimmereindigend gaan wees nie? Een breuk lei klaarblyklik tot 'n volgende.

Protestante tik terug

Reaksie op Vader Strydom se brief het nie uitgebly nie.

Jannie de Beer (Beeld, 22 Julie 2004) skryf:

Ek verwys na vader Johan Strydom se brief Katolieke maan al 2000 j. teen kerkverbroekeling (20 Julie). Hy is iemand vir wie ek groot respek het, maar as Protestant wil ek darem net sê sy stelling dat die Protestante destyds net 'n bietjie moes gewag het dat die Katolieke Kerk homself hervorm, is vergesog.

Die geskiedenis leer watter stryd dit vir Martin Luther was om weg te breek, maar die kerk was destyds só korrup dat dit vir hom en ander onmoontlik was om die kerk van binne te reformeer.

Ek is seker Martin Luther sou wat wou gee om die kerk van binne te reformeer.

Daarna is duisende Protestante jare lank vervolgd en doodgemaak. Hoe kan 'n mens glo dat so 'n kerk, wat nog jare lank sulke dinge gedoen het, sommer so maklik van binne gereformeer sou kon word?

Ek dink die Katolieke Kerk is baie dank aan die Protestante verskuldig wat so baie opgeoffer het dat die Katolieke Kerk uiteindelik die hand in eie boesem moes steek en homself hervorm het.

Vandag kan ons almal baie dankie sê dat baie mense in die verlede selfondersoek gedoen en opgeoffer het sodat Katoliek en Protestant vandag eintlik baie na aan mekaar staan en steeds dieselfde Here aanbid.

H van der Merwe (Beeld, 23 Julie 2004) voeg sy stem hierby:

Die aansprake van vader Johan Strydom van die Katolieke kerk in sy brief Katolieke maan al 2000 j. teen kerkverbroekeling (20 Julie) behoort getoets te word om moontlike wanvoorstelling te voorkom.

Ek verneem graag van vader Johan

welke rol die apostoliese tradisie (ongeveer die eerste 200 jaar van die kerk se bestaan) gespeel het by die weglating van die tweede gebod (van die tien gebooe ingegees deur God: Eks. 20: 4-6) én die verdeling van die tiende gebod om steeds met tien gebooe te eindig soos vervat in die Bybel van die Katolieke kerk.

Is dit gedoen met die lewendige leiding van die Heilige Gees soos hy beweer?

Volgens vader Johan het die Protestante net twee van die sewe sakramente - aangeteken in die Bybel van die Katolieke kerk (die doop en die nagmaal) - ná die Hervorming behou.

Aangesien 'n sakrament 'n genademiddel regstreeks afkomstig van Christus is, soos vervat in die vier Evangelies, wat behels die ander vyf sakramente en wat is die bron daarvan?

Voorts sê hy dat die Protestante die doop en die nagmaal "verwater het en dit dus nie volledig verstaan soos in die vorige 1500 jaar nie".

Daarteenoor glo die Katolieke kerk dat die wedergeboorte van die suigeling by die doopvont plaasvind; asook dat die brood en wyn van die nagmaal telkemale werklik die liggaam van Jesus word. En nie soos die Skriftuurlike nagmaalsformulier sê: "totdat Hy kom" nie (1 Kor 11: 26). Vader Johan se verduidelikings word hier benodig.

Dat die wegbreek van die Protestante met die Hervorming 'n beskikking van God was, blyk daaruit dat die daaropvolgende Reformasie binne die Katolieke kerk nie 'n duit aan hul dogma en Bybel, soos hierbo bevestigte, verander het nie. Die Reformasie sou dus nie die kerkverbroekeling kon stuit nie.

Op verskeie Roomse slakke word sout gelê - tereg. Die vraag bly egter staan: wanneer is 'n breuk geregtig? Op watter punt moet 'n mens kom voordat jy sê: nou kan - sterker nog - nou

mag ek nie meer lid van hierdie gemeenskap wees nie? Anders gesê: wanneer maak jy jou skuldig aan skeuring en wanneer beywer jy jou vir noodsaaklike reformasie? Hierdie vraag is in menige kerklike gesprek van kernbelang.

In antwoord hierop is daar by 'n vorige geleentheid al verwys na 'n opmerking van prof K Schilder: 'Die grens is eers bereik as jy gedwing word om te sondig' (Waarheid en Dwaling, Mei 2004, p 5). Rome pas inderdaad leerdwang toe. Dwaalleer oor die genoegsaamheid van die Skrif, die sakramente, die toepassing van die tweede gebod en vele ander sake word as wet en evangelie voorgedou. Reformasie moes plaasvind. Gewetens van mense is en word aan valse leer gebind. Sodoende is en word die ekumeniese kerk geskeur. Ten onregte eien die Roomse Kerk homself die kwalifisering 'katoliek' toe. Rooms is nie katoliek nie, maar skeurmakend. Daarteenoor is weerstand teen Roomse dwaalleer kerkheling en beslis geen kerkverbroekeling nie.

Slotsom: ekumene, kerkeenheid moet daar wees. Soos die Vader en die Seun een is, so moet almal wat die Here in Gees en waarheid aanbid een wees. Maar daardie eenheid rus op waarheid. Sonder waarheid is eenheid onmoontlik.

'n Laaste opmerking oor die slotsin van Jannie de Beer. Hy sê: Vandag kan ons almal baie dankie sê dat baie mense in die verlede selfondersoek gedoen en opgeoffer het sodat Katoliek en Protestant vandag eintlik baie na aan mekaar staan en steeds dieselfde Here aanbid. Dié stelling moet ongelukkig ernstig bevestigte word. Rome het nog hoegenaamd geen tree nader aan die Reformasie gegee nie. Daar word volhard in dwaalleer. Skeure word nie geheel nie, maar geyk. Dit word deur Vader Strydom bevestig.

Charismatiese eenheid

In dieselfde tyd wat Rome en die Reformasie oor ekumene en verbreking daarvan praat, berig Neels Jackson dat daar duisende kerkleiers van die wêreld na 'n pinksterkonferensie in Suid-Afrika gaan oorkom (Beeld, 21 Julie 2004):

Meer as 3000 kerkleiers uit die wêreld se naasgrootste kerktradisie word in September in Suid-Afrika verwag wanneer die Pinkster- en Charismatiese Wêreldkonferensie in Randburg aangebied word. Dié beoogde konferensie het volgens dr. Isak Burger, president van die Apostoliese Geloofsending, reeds verskeie bakens versit. Die 26 Suid-Afrikaanse kerke wat saamwerk in die gasheer Komitee maak geskiedenis omdat dit die eerste keer is dat kerke uit dié tradisies oor so 'n wye front in Suid-Afrika hande vat. Benewens Pinksterkerke soos die AGS, die Volle Evangeliekerk, die Assemblies of God en die Pinkster-Protestantse Kerk is byna al Suid-Afrika se charismatiese kerke betrokke.

Dit is die 20ste keer dat die Wêreldpinkster-konferensie aangebied word, maar die eerste keer dat die charismatiese kerke ook só betrek word. Dié gesamentlike kerktradisie het wêreldwyd sowat 550 miljoen lidmate, sê Burger. Net die Rooms-Katolieke Kerk is groter. Burger sê NG predikante het ook al vir die konferensie geregistreer. Dié verteenwoordiging van buite die Pinksterwêreld maak die konferensie meer inklusief as ooit tevore. Tot dusver het 3600 mense van 60 lande wêreldwyd vir die konferensie geregistreer. Dis hoofsaaklik kerkleiers.

Daar word beoog om op die konferensie ook 'n Afrika-gemeenskap van Pinksterkerke te stig. Die konferensie se tema, Kom, Heilige Gees, transformeer ons wêreld, gaan volgens Burger terug op die woorde "Woza Moya" in die Suid-Afrikaanse volkslied. Dit beteken "Kom, Heilige Gees".

Dr Isak Burger laat homself soos volg oor die konferensie uit (Godsdiens Aktueel in Beeld, 2 Augustus 2004):

Van 14 tot 17 September trek ongeveer 5000 leiers uit Pinksterkerke

van meer as 60 lande in Randburg saam vir die 20ste Wêreld-Pinksterkonferensie. Terwyl Suid-Afrika die afgelope paar jaar die gasheerland vir verskeie internasionale byeenkomste was, moet die betekenis van hierdie geleentheid in kerklike konteks nie onderskat word nie. Die eerste konferensie het in 1947 plaasgevind en vind elke drie jaar in die een of ander wêreldstad plaas. Dit het nog maar net een keer op ons kontinent plaasgevind - in 1962 in Nairobi, Kenia. Dit is dus nie net die eerste keer dat Suid-Afrika die geleentheid kry nie, dit sal waarskynlik ook die laaste keer in hierdie geslag wees.

Die Pinkster- /Charismatiese beweging word breedweg gekenmerk deur die oortuiging dat die karakter, dinamika en krag van die Nuwe Testamentiese Kerk steeds gesien en ervaar kan word. Klem word gelê op bekering, die doop in die Heilige Gees en die meegaande Geestesgawes. Christus en sy werk aan die kruis, die gesag van die Bybel, spontane aanbidding, hartlike sang en musiek is verdere kenmerke.

Suid-Afrika word wêreldwyd beskou as een van die lande met die sterkste proporsionele Pinkster- / Charismatiese kontingent. Ongeveer 8 % van ons bevolking vorm deel van hierdie kerkgroepering. Daarbenewens is ongeveer 'n derde van ons land se swart bevolking deel van die inheemse onafhanklike kerke wat grotendeels as "Pinkster-tipe" kerke beskou word. Die moderne Pinksterbeweging is nou ongeveer 100 jaar oud. Internasionaal is daar omtrent 550 miljoen mense wat hulle as Pinkster/Charismaties beskou terwyl daar in hierdie stadium geen afname in die dinamiese groei van die afgelope dekades is nie.

Terwyl die kerk in weinig eerstewêreldlande veel groei toon, floreer die kerk in die meeste derdewêreldlande en Afrika is omtrent bo-aan die lys. Hierdie groei is grotendeels "Pinkster/Charismaties" van aard. Die internasionale konferensie wat in September hier plaasvind, het 'n unieke kenmerk wat die voriges nie gehad het nie. Op die ander was dit feitlik uitsluitlik tradisionele Pinksterkerke wat die konferensie

aangebied en bygewoon het. Nou, vir die eerste keer, is dit die Pinkster- en Charismatiese kerke wat hierdie groot internasionale konferensie gesamentlik aanbied. Die meeste Pinkster- en Charismatiese denominasies in Suid-Afrika (26) het hande gevat en werk saam as gasheer van hierdie konferensie.

Die merkwaardige is dat selfs 'n hele aantal mense van die tradisionele nie-Pinksterkerke vir die konferensie geregistreer is. Dit is tekenend van wat aan die kerklike front in Suid-Afrika aan 't gebeur is. "Pinkster" en "Charismaties" is nie meer die eksklusiewe "handelsmerk en voorreg" van 'n sekere deel van die kerk nie. Geestelike vernuwings is toenemend besig om in gemeentes van feitlik elke denominasie in ons land voor te kom. Kyk maar na die kerke waarheen mense Sondae stroom - selfs Sondagaande. Gaan kyk na die meelewings, sang en musiek. Kyk veral na die kerke waar groot getalle jong mense die dienste bywoon. Kyk na die tienduisende mense wat tydens transformasie- en gebedsbyeenkomste in stadions regoor die land bymekaar kom en nie meer vra: Aan watter kerk behoort jy nie? Dan besef jy dat die kerk in ons land besig is om in meer as een opsig 'n nuwe seisoen tegemoet te gaan.

Vir die grootste deel van die vorige eeu is die Pinksterkerke in mindere of meerdere mate as die stiefkinders van die kerk in Suid-Afrika en ook in baie ander dele van die wêreld behandel. Sedert die vroeë 1990's het die prentjie in ons land grootliks verander. 'n Nuwe politieke bedeling het die speelveld gelyk gemaak. Terwyl alle kerke by mekaar kan leer, is daar al hoe meer tradisionele kerke wat besef dat vernuwings in die kerk baie nodig is en dat daar in hierdie verband baie by die Pinkster- en Charismatiese kerke geleer kan word.

Wanneer die paar duisend kerkleiers ná 17 September terugkeer na hul lande regoor die aardbol, sal hulle hopelik 'n positiewe beeld van Suid-Afrika en die kerk hier kan saamneem. Aan die ander kant hoop 'n mens dat hierdie konferensie die toenemende eenheid tussen 'n groot aantal kerke

sal versterk en sal bydra tot die vernuwung van die kerk in ons land.

Dr Burger praat ook oor eenheid: toenemende eenheid. Dit is by hom 'n versugting dat eenheid mag groei en toeneem. Sonder twyfel is dit op sigself 'n goeie versugting. Gelowiges kan nie genoeg moeite doen om mekaar in eenheid te soek en te vind nie. Tegelyk rys daar sekere vrae. Is dit onbelangrik aan watter kerk jy behoort? Kan NG predikante sonder voorbehoud aan 'n konferensie van charismatiese kerke deelneem? Is die swart onafhanklike kerke wat op papier die naam Pinkster dra, werklik Pinkster?

Dat gelowiges saamkom om mekaar op die basis van Gods Woord aan God en sy wil te bind, kan alleen maar verwelkom word. Dan moet daar egter absolute duidelikheid oor die basis wees waarop mense saamkom. Om as Gereformeerde met 'n Pinkstergesinde te praat, beteken noodwendig dat die verbond ter sprake gaan kom. Werking van

die Gees kan nie losgemaak word van God se verbondsgawes en -eise nie. Om as Gereformeerde in gesprek met onafhanklike kerke te tree, beteken noodwendig dat die eerste twee gebooue van God se wet onder die loep kom: word daar sinkretisme (godsdienvermenging) geduld, ja of nee. Afgode kan nie saam met die enige ware God aanbid word nie.

Die tema van die konferensie 'Kom, Heilige Gees' is volgens dr Burger aan die Suid-Afrikaanse volkslied ontleen. Polities gesien is dit positief. Maar dit is - gemeet aan die Skrif - 'n eenaardige tema. Die Heilige Gees het immers reeds gekom; die kerk bid vir die (weder)koms van die Here Jesus (Openbaring 22:20).

Daarbenewens is die 'Kom, Heilige Gees' in die Suid-Afrikaanse volkslied ooglopend iets anders as dit wat die Pinksterkerke in gedagte het. Oor die aanroeping van God in die volkslied het dr JG Meijer geskryf (Nkosi Sikelel' iAfrika in die Lig van die Skrif, p 10): 'hierdie gebed loën die openbaring van die Skrif oor voortdurende aanwesigheid van die Heilige Gees in die kerke, tot seën sowel as tot vloek; ... dit is nie Skriftuurlik nie en laat opening vir die dwalings van spiritualiste wat die Heilige Gees en die Woord skei'.

Alle kerklike ekumene is nie noodwendig ware ekumene nie. Veral nie as dit ook nog 'n politieke ondertoon in hom saamdra nie.

VERENIGING VIR GEREFORMEERDE LEWENSWANDEL

Redaksie:

Dr ALA Buys
Mev J de Wind
Ds HLJ Momberg
Posbus 31712, Totiusdal, 0134
Tel 012 332 4676
e-pos: alabuys@lantic.net
jdewind@mweb.co.za

Medewerkers:

Dr AH Bogaards
Prof JM Boon
Dr EA de Boer
Prof GJC Jordaan
Ds GJ Meijer
Ds SJMS Smit
Dr AH van den Bout

Webbladsy: <http://www.vgl.co.za>

Administrasie-adres:

Mev Hanneke Das
Waarheid en Dwaling
Posbus 31712, Totiusdal, 0134
Tel 012 331 4733 (na 14:00)
e-pos: jdirkdas@absamail.co.za
Faks 012 335 9135

Intekengeld:

R110 per jaar en addisionele bydraes kan inbetaal word by:

Waarheid en Dwaling
Spaarrekening 9054701904
ABSA, Waverley, Pretoria

Tegniese versorging:

Printburo
Posbus 25316
Gezina, 0031

JAARVERGADERING VGL

Die Vereniging vir Gereformeerde Lewenswandel hoop om Vrydagaand, 22 Oktober en Saterdagoggend, 23 Oktober 'n jaarvergadering te hou. Tydens die vergadering gaan op *Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika* gefokus word. Die bedoeling is om 'n oop gesprek oor die gereformeerde-wees van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA), die Nederduits Gereformeerde Kerk (NGK) en die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (VGKSA) te voer. Die gesprekstema vloei voort uit die bespreking tydens die 2003-byeenkoms oor Christus se bede vir die eenheid van sy kerk (Johannes 17:21). Met vanjaar se tema hoop ons om in die lig van Christus se hoëpriesterlike gebed raakvlakke, asook verskilpunte wat oorbrug moet word tussen genoemde drie kerkverbande te omlin.

PROGRAM

Vrydag, 22 Oktober 2004 - 19:00 - 21:30

Gereformeerde-wees van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika
Spreker: Prof JH van Wyk (GKSA)
Respondent/Gespreksleier: Dr ALA Buys

Saterdag, 23 Oktober 2004 - 08:30 - 12:30

Gereformeerde-wees van die Nederduits Gereformeerde Kerk
Spreker: Ds H Hefer (NG Kerk)
Respondent/Gespreksleier: Dr VE d'Assonville

Gereformeerde-wees van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika
Spreker: Ds C Kleijn (VGKSA)
Respondent/Gespreksleier: Ds HLJ Momberg

Plek

Gereformeerde Kerk Die Kandelaar,
h/v Codonia & Dickensonlaan, Waverley, Pretoria

Kontakpersone

Ds Gerard Meijer – tel. (012) 546 4915 (e-pos: gjmeijer@absamail.co.za)
Mev Joke de Wind – tel. (012) 332 4676 (e-pos: jdewind@mweb.co.za)